LAERSKOOL BELLPARK

NASORGSENTRUM

PROSPEKTUS

Die Nasorgsentrum verbonde aan die Laerskool Bellpark lewer met trots ‘n diens aan ons ouers.

Selfoon no:	Nasorg:	Linda Oellrich 064 683 9133	Vanaf 12:00 - 18:00
Selfoon no:	(Slegs) GR. R	Colleen De Beer 084 687 4148	Vanaf 12:30 - 17:30

DOELSTELLINGS:

Ons lewer ‘n diens onder beheer van verantwoordelike personeel wat gedurende die kwartaal en skoolvakansies na die welsyn van elke ingeskrewe leerder omsien.

Personeel volg ‘n positiewe benadering teenoor leerders en ons probeer om ‘n gesonde balans tussen leer en speel daar te stel.

Leerders word gegroepeer volgens grade tydens studietyd.

AANSOEK OM TOELATING:

Die inskrywingsvorm moet **volledig** deur die ouer/voog van die leerder voltooi word. Hierdeur verbind u, uself ten opsigte van die doelstellings en regulasies van die Nasorgsentrum.

NASORGTYE:

Gedurende kwartaal	:	12:00	tot	17:30
Voorsorg gedurende kwartaal (Slegs Gr. R – Gr.2)	:	06:30	tot	07:45
Vakansietye	:	07:00	tot	17:30

Kinders mag nie later as 17:30 afgehaal word nie. Indien daar ernstige probleme sou wees, is dit u verantwoordelikheid om telefonies (064 683 9133) met die dame in beheer te skakel. '**n Boete sal gehef word indien ouers laat opdaag!** Indien die boete nie vereffen word nie, sal die leerder sy/haar plek in die Nasorg verbeur.

Die Nasorgsentrum is oop gedurende alle skoolvakansies met die uitsondering vanaf die 15de Desember tot die skool heropen in Januarie. Die presiese datums sal skriftelik bevestig word.

Geen leerders mag die nasorg op 'n dagbasis (per dag) bywoon nie. Dit geld ook vir leerders wat sport doen.

Geen halfdag nasorgleerders mag tydens skoolvakansies die nasorg bywoon nie.

Geen leerders van ander skole mag die Bellpark nasorg bywoon nie.

AFWESIGHEID:

Indien 'n leerder as gevolg van ander verpligtinge 'n namiddag of gedeelte daarvan afwesig gaan wees, moet skriftelike kennisgewing vroegtydig aan die dame in beheer deurgegee word.

ONTHOU: U KIND IS ONS VERANTWOORDELIKHEID. Ons moet ingelig wees!

AFHAAL VAN LEERDERS:

Geen leerder mag sonder verlof die skoolterrein verlaat nie.

Ouers moet leerders **persoonlik** op die skoolterrein kom afhaal en **uitteken.**

Indien dit nie moontlik is nie, moet die persoon wat dan die leerder kom haal 'n toestemmingsbrief van die ouers saambring.

Reël met u kind presies hoe laat hy/sy afgehaal word, sodat hy/sy betyds gereed kan wees. Indien daar probleme is, is dit die ouer/voog se verantwoordelikheid om die nodige reëlings te tref. Nasorgdames beman dienspunte vir toesig wat hulle nie mag verlaat om na leerders te soek nie.

Leerders is nie beperk tot een spesifieke speelarea nie. Hulle speel onder toesig op verskeie plekke. Wees daarom asseblief geduldig wanneer 'n leerder geroep of gesoek word.

KLEREDRAG:

Gewone klere om in te speel is 'n vereiste. Alle kledingstukke, handdoeke en kosblikke MOET DUIDELIK GEMERK WEES. Onopgeëiste kledingstukke en handdoeke word aan liefdadigheid geskenk.

VERSNAPERINGE:

Ligte middagetes in die vorm van toebroodjies en koeldrank word verskaf. Toebroodjies word ook later in die namiddag voorsien.

SPEELGOED:

Duur speelgoed moet tuis gelaat word. **Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade of diefstal van speelgoed of selfone nie.** Skaatsplanke en fietse word nie toegelaat nie.

DISSIPLINE:

Enige dissiplinêre optrede sal in oorleg met die skoolhoof geskied.

FOOIE:

Jaarlikse Nasorgfooie kan oor 10 maande betaal word. Maandelikse betalings is streng vooruitbetaalbaar vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober. Dit kan ook kwartaaliks vooruitbetaal word.

ALLE BETALINGS geskied voor die 7de van 'n maand.

Ouers wat nie hierdie reëling nakom nie, se kinders sal na **1 (een) maand** hul plek in die Nasorg verbeur. Uitstaande Nasorggelde SAL vir invordering oorhandig word. Geen leerder met uitstaande fooie sal tot die Nasorg toegelaat word nie.

Betaling word gemaak aan LAERSKOOL BELLPARK
ABSA, Takkode: 632 005, Tjekrekening no: 145 049 0217

GEEN KONTANT betalings word aanvaar nie.

Indien u ELEKTRONIESE inbetalings doen, maak asseblief seker dat u die korrekte verwysing soos op u **NASORGSTAAT** gebruik, om te verhoed dat **U BETALING VERKEERDELIK NA SKOOLFONDS GEALLOKEER WORD.**

Indien 'n leerder net 'n gedeelte van 'n kwartaal of 'n maand die Nasorg bywoon, is die ouer steeds verantwoordelik vir die betaling van die volle maande wat bygewoon is.

Indien u die Nasorg wil kanselleer, moet 'n **kalendermaand** skriftelik kennis gegee word. (nasorg@bellpark.co.za)

JUNIE / JULIE SKOOLVAKANSIE:

Daar is ekstra kostes vir aktiwiteite verbonde aan die Junie/Julie skoolvakansie. **Slegs EFT betalings** word aanvaar**. GEEN laat** vakansie aansoeke of betalings sal aanvaar word nie.

MEDIESE NOODGEVAL:

In ‘n mediese noodgeval, sal die leerder na die naaste dokter geneem word. Ouers sal deur die dokter gekontak word.

REëLS IN DIE NASORG:

Studietye moet ordelik en stil verloop in die klaskamers. Toesighouers verleen hulp waar moontlik. **Ouers dra egter steeds die finale verantwoordelikheid van huiswerk**.

Geen leerder mag in die gange hardloop of speel nie.

Leerders moet eers hul broodjies by die kombuis klaar eet en dan gaan verklee.

Leerders word nie toegelaat om met klippe of stokke te speel nie en mag nie in die bome klim nie.

Leerders moet inskakel by reëls en roetine. Swak gedrag is onaanvaarbaar.

Leerders mag nie in swemklere rondloop of met nat lywe in die gange loop nie. Leerders mag nie op die rand van die swembad hardloop, inspring of induik nie. Geen leerder word sonder toesig in die swembadarea toegelaat nie. Leerders moet aangetrek wees voor hulle die skoolterrein verlaat.

Vanaf Gr. 3 is dit leerders se eie verantwoordelikheid om na die Nasorg klasse te beweeg na skool. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat Nasorgpersoneel kennis dra van sy/haar sportaktiwiteite in die middae.

Indien ouers ongelukkig voel oor enige omstandighede by die Nasorg moet die Nasorghoof gekontak word.

DIE VOLGENDE SAL LEI TOT ONMIDDELLIKE UITSETTING:

Gedrag wat ander leerders in gevaar stel.

In besit wees van skerp voorwerpe soos messe ens.

In besit wees van pornografiese materiaal.

Rook, of in besit wees van alkohol of dwelms.

Diefstal en kwaadwillige beskadiging van eiendom.

Seksuele aanmerkings of oortredings.

Disrespek teenoor Nasorgpersoneel.

Let asseblief daarop dat ons Gr. R leerders hul afsonderlike speelgebied het, weg van die res van die Nasorgleerders.

Tot 14:00 speel die Gr. 1 en Gr. 2 leerders ook afsonderlik van die res van die Nasorg leerders.

Die Gr. R leerders swem ook glad nie saam met enige ander groep nie.